



Vak: Graad 9 Afrikaans: Huistaal

Onderwerp: Afrikaans Huistaal: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 84 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die antonieme wat die sinne korrek sal voltooi:

'n Nasie wat graag in vrede woon, word (1) genoem.

'n Nasie wat met almal wil oorlog voer, word (2) genoem.

Opsies Is: demokraties | vredeliewend | armsalig | oorlogsugtig

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

In die volgende sin is "slim" 'n byvoeglike bepaling.


"Die slim man."

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 3



Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die (1) bepaling is 'n uitbreiding of 'n nader beskrywing van die (2) of van die werkwoord in die sin.

Byvoorbeeld: "Hy slaan die hondjie **hard op sy rug**". "Hard" en "op sy rug" is voorbeelde van hierdie bepaling.

Opsies Is: onderwerp | gesegde | werkwoord | bywoordelike

1	
----------	--

2	
----------	--


Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 4, 5



Wat is 'n veelvoudige sin?

'n Veelevoudige sin het meer as een hoofsin.

Die hoofsin kan met die bakke van 'n skaal vergelyk word. Hulle het gelyke waarde en word newegesikhte sinne genoem. Hierdie newegesikhte sinne moet met voegwoorde verbind word om een sin te vorm.



Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n **Veelvoudige sin** bestaan uit minstens (1) **hoofsinne**. Die sinne wat op hulle eie **selfstandige sinne** is. Die sinne word met 'n (2) **verbind**.

Opsies Is: vier | drie | twee | verbinding | voegwoord

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Voeg die volgende sinne saam om een veelvoudige sin te vorm.

Karel drink skielik baie water. Hy 'n hoë suikertelling het.

--

Vraag 6: Waar/Onwaar

2 punte

Die **agtervoegsel** van **"-loos"** beteken **"sonder"**.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 7, 8, 9

Gespook – Jelleke Wierenga

- 1 Spoke loop nou
- 2 midmiddae in malls
- 3 klieng hul blieng en
- 4 kliek-klak op mekaar se hakke
- 5 van Clicks na Woolworths na
- 6 Sportsman's Warehouse na
- 7 Mugg&Bean
- 8 has-beens met donkerbrille
- 9 teen buisbestraling
- 10 en jy hoor hulle
- 11 as selfone sinjaal
- 12 en kasregisters kerm
- 13 Want nog 'n spesie
- 14 is besteel
- 15 van tyd
- 16 van wyse
- 17 van plek
- 18 Neon het die nag gesluk
- 19 TV die drome
- 20 7/24 is die deure oop
- 21 om te koop
- 22 geselskap en geluk
- 23 nou loop die spoke
- 24 maar midmiddae
- 25 in malls
- 26 Sien jy hulle ook?

Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kyk na die aangehegte gedig, Gespook. Kies die woorde wat die sinne korrek sal voltooi:

Versreël 3: "klieng hulle blieng" is 'n voorbeeld van (1) . Versreël 4: "klik-klak op mekaar se hakke" is voorbeelde van (2) .

Beide "klieng hulle blieng" en "klik-klak op mekaar se hakke" is ook voorbeelde van (3) .

Opsies Is: alliterasie | klimaks | enjambement | klanknabootsing | antiklimaks | assonansie

1	
3	

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8



Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk na die aangehegte gedig, Gespook, en skryf die woord neer wat die sin korrek sal voltooi:

Die gebrek aan leestekens en 'n vaste rympatroon, asook versreël en strofes wat nie ewe lank is nie, beteken dat hierdie gedig as 'n ... vers geskryf is.

Skryf **slegs een woord** neer.

Vraag 9: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die woord wat pas:

Versreël 12 van die aangehegte gedig, "Gespook", "as kasregisters kerm" is 'n voorbeeld van ...

- | | |
|----------|-------------------|
| A | dubbelsinnigheid. |
| B | kontras. |
| C | parentese. |
| D | personifikasie. |



Vraag 10: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die frase wat nie pas nie:

Die woord, druk, ...

- | | |
|----------|------------------------------------|
| A | beteken om 'n boek te laat druk. |
| B | is 'n homoniem. |
| C | beteken om iemand se hand te druk. |
| D | is 'n sinoniem. |

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 11



Vraag 11: Voltooi Die Ontbrekende Voltooi:

4 punte

'n **Akroniem** is 'n tipe (1) wat as 'n (2) uitgespreek kan word.

Opsies Is: woord | afkorting | verkorting | sin

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 12: Voltooi Die Ontbrekende

2 punte

Wanneer 'n ontkennende sin met **NEE** begin, word 'n (1) daarna geplaas.

Opsies Is: Uitroepteken | komma | vraagteken | punt

1	
----------	--

Vraag 13: Skryf Jou Antwoord

3 punte

'n Eufemisme vir iemand wat ... is, is om te sê dat hy of sy gehoorgestremd is.

Verskaf **sleg een woord**.

--



Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Akronieme wat soos enige gewone woord **uitgespreek** word, noem ons **letterwoorde**.

WAAR

ONWAAR

Vraag 15: Waar/Onwaar

2 punte

Van die bytjies en die blommetjies vertel. Dit beteken seksvoorligting.

WAAR

ONWAAR

**Vraag 16: Voltooi Die Ontbrekende
Vorm die volgende woorde:**

8 punte

'n Afleiding wat deur **klankverandering** gevorm word van "skiet": (1) .

'n Afleiding van "**skyn**" deur 'n **voorvoegsel** aan te las: (2) .

'n Afleiding van "**jammer**" wat beteken om iemand jammer te kry: (3) .

'n Afleiding van "**sing**" deur die **vokaal** te verander en 'n **agtervoegsel** aan te las: (4) .

Opsies is: skeet | skut | verskyn | skynbaar | bejammer | jammerlik | sanger

1	
3	

2	
4	

Vraag 17: Waar/Onwaar

2 punte

Dit wat **gedoen** word, is die **gesegde** van die sin.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18



Vraag 18: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die woord wat pas:

Die Bybelse karakter, Josef, se kleed was 'n voorbeeld van ...

- | | |
|----------|-----------------|
| A | vooroordeel. |
| B | stereotipering. |
| C | kategorisering. |
| D | partydigheid. |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 19



Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende

2 punte

In die prent kies iemand onregverdig kant en gee voorkeur aan 'n spesifieke persoon bo die ander. Dit is 'n voorbeeld van (1) .

Opsies Is: stereotipering | vooroordeel | partydigheid | etikettering

1	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 20



Vraag 20: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Watter gedrag word in die prent geïllustreer?

Antwoord met **slegs een woord**.

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Die tweede sin is in die **korrekte** ontkennende vorm.

Hou jy van die seun? > Ek hou nie van hom nie.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 22

Verbindingsklank

Dit is wanneer ons letters tussen twee stamme skryf om die uitspraak van die woord beter te maak.

vriend + kring = vriendekring

meisies + skool = meisieskool

ONTHOU: Die eerste stam mag nooit meervoud wees nie.

Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Voeg die volgende woord saam deur 'n **verbindingsklank** te gebruik:

god + diens = ...

(Antwoord met **een woord**.)

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23

Woordboks

oplos
blyk

sin
bleik

reik
afslaan

ryk
ruim

dun
beknop

kraai

Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kies twee antonieme uit die aangehegte woordboks wat hierdie twee sinne korrek sal voltooi:

1. Ons ouers sal deur dik en ... by ons staan.
2. Die ou dame het kind nog ... besit.

Skryf **slegs die twee antonieme** neer in die volgorde waarin dit in die sinne voorkom. Plaas 'n komma tussen-in.



Vraag 24: Veelvuldige Keuse

4 punte

Verander die volgende sin na die **negatiewe vorm**:**Enige** hemp pas by daardie broek.

- | | |
|----------|--|
| A | Niks pas by daardie broek nie . |
| B | Geen hemp pas by daardie broek nie . |
| C | Nie meer hempde pas by die broek nie . |
| D | Nog alles pas by daardie broek nie . |
-

Vraag 25: Veelvuldige Keuse

4 punte

Waarvoor staan die volgende afkorting? **UNISA**

- | | |
|----------|--|
| A | Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie. |
| B | Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en AssuransieMaatskappy |
| C | Universiteit van Suid-Afrika |
| D | Elektrisiteitsvoorsieningskommissie |
-

Totaal: 84 Punte